### *Verslag van Josef se dood en sy getuienis oor JaHshua*

**230** Na hierdie verhaal sou al die leerlinge die arts Borus, wat hulle goed ken, wou omarm en kus, en gaan ons weer na Kis en kom daar juis teen sononder aan.

[2] Baram wag al met die aandete, en dit smaak vir ons na die gedane, belangrike, werk goed. Die maaltyd bring ook Judas in `n ietwat beter stemming en hy prys die moed van Borus, wat hy ook baie goed ken.

[3] Na die maaltyd word nog lank daaroor gepraat; selfs moeder Mirjam kon Borus nie genoeg seën nie, omdat hy dit ook ten behoewe van haar opgeneem het teen die owerste, wat in feite haar kleine huishouding van haar afgeneem het.

[4] Die **oudste seun van Josef** sê: “Sal daardie mense ons, met moeite verworwe, besitting ooit weer teruggee?”

[5] **Kisjonah** sê: “Vriend, moenie dit wens nie! Kyk, hier het julle almal `n beter bestaan en is julle tewens veilig teen vervolging; en ek gee julle die herberg daar aan die bo-einde van die groot inham, heeltemal in eiendom en ongeveer vyfduisend are grond daarby; by so `n ruil kom julle die verlies van die kleine besitting wel te bowe, en hiervandaan is dit ook `n halwe dagreis nader aan Jerusalem as vanuit Násaret.” En Joses is dit daarmee heeltemal eens; tog vra hy My ook om My raad.

[6] En **Ek** sê: “Wat beter is, dit is altyd beter; neem dit daarom; maar beskou dit nooit as jou eiendom nie, maar slegs as iets wat aan jou deur Elohim vir `n kort tydjie geleen word!”

[7] **Joses** sê daarop: “Meester en broer! Dit het vader Josef ons al geleer en daarom het ons die kleine besitting in Násaret dan ook nooit as `n soort eiendom gesien nie, maar suiwer as `n, vir die korte aardse leeftyd, deur Elohim geleende saak, waarvoor ons Hom ook daagliks tesame met Jou Self gedank het. Ons het Hom daarnaas ook altyd gebid dat Hy daardie kleinood vir ons skamele aardse onderhoud wil bewaar. Solank dit Sy gewyde wil was, het Hy dit dan ook bewaar; maar nou sê ek saam met Job: Die Meester het dit vir ons gegee, en toe dit Hom behaag, het Hy dit ook weer van ons geneem. Slegs Sy wil wat gewyd is, geskied; aan Hom alleen sy al die eer, al die lof en al die lofprysinge! Wat Elohim neem, dit kan Hy ryklik teruggee. As Jou aardse broers en susters vind ons dit wel in orde; maar al ons werktuie en al ons huisraad het die mense ook van ons afgeneem. Ons dink tog wel dat ons dit terug moet kry, of dat ons minstens iets anders bruikbaars in hulle plek moet kry.”

[8] **Ek** sê: “Moet jou nie daaroor bekommer nie; oor drie dae gaan ons na Násaret en dan sal dit alles teruggegee moet word. Ons het immers `n engel van die hoogste rang by ons! Één teken en alles is in orde; en as één nie genoeg is nie, dan staan daar vir ons elke oomblik legioene tot diens!

[9] Ek sê vir jou: Wat Ek die Vader in My hart kenbaar maak, dit doen Hy; en wat die Seun wil, dit wil ook die Vader in ewigheid en daar is nooit `n verskil tussen die wil van die Vader en die wil van die Seun nie! Want glo My: Vader en Seun is nie twee nie, maar in alles totaal één! Wees dus nou kalm en glo dat dit so is!”

[10] **Joses** sê: “Meester en broer, ons glo immers almal, en hoe sou ons dit nie kan glo nie, ons was tog vanaf Jou geboorte nog altyd by Jou en het soveel tekens gesien wat luidkeels verkondig wie Jy is. Broer Jakob het immers `n groot boek volgeskrywe vanaf Jou geboorte tot met Jou twintigste lewensjaar, waarna Jy tot op Jou huidige leeftyd geen teken meer gegee het nie en saam met ons as `n baie gewone mens gewerk en geleef het, sodat ons byna vergeet het wie Jy was, as nie die dood van ons geliefde vader Josef, `n paar jaar gelede, ons geweldig wakker geskud het nie.

[11] Want toe Josef in Jou arms oorlede is, spreek hy verheerlik-glimlaggend sy laaste woorde:

[12] “O, my God en my Meester! Hoe is U tog genadig en barmhartig vir my! O, ek sien nou dat daar geen dood is nie; ek sal ewig lewe! Ag Elohim, hoe heerlik is U hemele! Kinders, kyk na Hom wat nou my sterwende hoof met Sy arms ondersteun! Hy is my El, my Skepper! O wat `n verlossing is dit om in die almagtige arms van die Skepper van hierdie armsalige wêreld te sterf!"

[13] Na hierdie woorde sterf hy en ons het almal luid geween; net Jy het nie gehuil nie. Maar ons het verstaan waarom Jy nie huil nie!

[14] Wel, vanaf daardie oomblik kon ons nie meer vergeet wie U is nie; want dit het Josef in die laaste uur van sy aardse lewe maar al te duidelik gesê! Hoe sou ons dan nou nie alles glo wat U sê nie, terwyl ons so goed weet wie U in wese is?!”

[15] **Ek** sê: “Baie goed, liewe broers! Dit is heeltemal reg dat julle hier so gepraat het; want ons is almal hier as volledig ingewydes bymekaar en hierdie kennis sal vir niemand tot `n oordeel word nie, behalwe vir één, as hy heimlik aanstoot daaraan neem! (Daarmee word Judas bedoel).

[16] Maar as ons ons onder onbekende, wêreldse kinders bevind, moet julle baie sorgvuldig daaroor swyg! Laat ons nou egter gaan rus, sodat ons môre vroeg aan die werk kan spring!” Daarop gaan iedereen geluksalig slaap.

### *Kisjonah se manne vang rowers en smokkelaars in diens van die tempel*

**231** Slegs Kisjonah, Baram, JonaEl en Jaïrus saam met die dienaar ArgiEl gaan na buite en Kisjonah kontroleer of alles in sy groot huishouding in orde is. Oral is alles in puik orde, en die tolgaarders en tolbewakers is opgewek en meld aan hulle meester dat daardie nag nog `n belangrike vangs gaan plaasvind wat alreeds aan hulle aangekondig is.

[2] Kisjonah doen naarstiglik navraag na waaruit die vangs sal bestaan en of dit nie dalk armes betref wat hul spaarsame voorrade na die mark bring om daaruit hulle belasting te betaal nie.

[3] Dan sê **die hoof van die tolwagters**: **“**Meester en gebieder! U weet hoe seer ons al jou regverdige en, vir die arm mense werklik buitengewoon milde, voorskrifte eer en respekteer; maar by hierdie vangs is daar geen sprake van armoede nie, maar van baie skanddade van die kant van die Judese fariseërs en priesters en leviete.

[4] Hulle het vanaf Kapernaum uit na die wye omstreke `n aantal skandelike beslagleggings en afpersings uitge-voer, en vannag rondom die middernagtelikke uur gaan hulle allerlei vee, graan, wyn en al die moontlike gereedskap na Jerusalem bring om daar te verkoop. Maar dit gebeur nie via die amptelike paaie nie, maar langs `n sluipweg wat hulle self deur die gebergte gebaan het.

[5] U weet dat daarvandaan, vanweë die hoë rotse wat met hul hoë en steil wande oor die meer hang, oor land net een begaanbare pad na Sibarah is, waar jou hulptol is wat jy altyd verhuur; mens moet dus, as mens regstreeks van Sibarah hierheen wil kom, op die daarvoor aangewese aanlegplek mense, vee en al die ander besittings oor die water laat kom, of mens kan, as die meer rustig is, wat selde die geval is, regstreeks na Pirah vaar, waar ook weer `n tol van u is wat nou vir tien jaar al verhuur is.

[6] Om al jou tol egter te ontwyk, het die ryke fariseërs deur heerdiensplig op Samaritaanse grondgebied `n sluipweg deur die gebergte laat maak en via hierdie pad wend hulle vandag `n eerste poging aan.

[7] Ongeveer tweeduisend treë daarvandaan, die dal in na Kana toe, sal hulle die dal kan inkom op die plek waar `n deur ons geboude brug oor die rivier gaan en waar die pad, wat daar al oor jou grond begin loop, oor die rivier gaan en aan die linkerkant van die dal omhoog na Kana gaan; ons het egter al vroeg omtrent tweehonderd goed bewapende opsieners, wagters en geregsdienaars op die beste punte opgestel. Ek sê vir u, vader en meester dat daar geen muis daardeur sal kom nie! Ons sal die oerslegte booswigte wel goed kennis laat maak met Elohim, sodat hulle hulle lewe lank aan Hom kan dink!”

[8] **Kisjonah** sê: “Dit het julle goed en deeglik georganiseer; julle loon sal nie uitbly nie! Die geld wat die verkopers by hulleself het, word as buit in beslag geneem, en al die vee, koring, meel en gereedskap bly solank hier tot die oortreders presies vertel het van wie hulle dit met geweld afgeneem het, en ons dit hulle dan nougeset weer kan teruggee.

[9] Maar vir die feit dat hulle sonder my toestemming deur my berge en bosse `n pad aangelê het, word hulle deur die Romeinse regter, wat hier in my huise sy kantoor gevestig het, tot duisend pond silwer veroordeel; twee derdes daarvan is vir die keiser en `n derde vir my volgens die plaaslike wet.”

[10] Juis toe kom die Romeinse regter aangeloop en vra wat daar te doen is by die tol, of daar miskien verdagte mense verwag word en of mens militêre hulp nodig het. Die hoof van die tolgaarders herinner die regter egter aan dít wat hy oordag al by hom aangemeld het.

[11] Toe sê **die regter**: **“**Aha, is dit so! Nou, sorg maar daarvoor dat julle die booswigte vang! Ons sal hulle dan hier enkele duidelike lesse gee oor die Romeinse sedes en wette! Die lus sal hulle vir altyd ontneem word om Romeinse onderdane tot die bedelstand te reduseer, sodat hulle nie in staat is om aan die keiser die verpligte belasting te betaal nie, terwyl van die booswigte nooit `n stater los te brand is nie! Die kêrels gee altyd voor dat hulle arm is en begrawe groot hoeveelhede goud, silwer, pêrels en edelstene. En dié van Kapernaum is dit net so goed as die van Gorasin! Nou, reken maar daarop julle spitsboewe, daaraan sal `n einde gemaak word op so `n manier dat julle julle hele lewe lank nog daaraan sal dink!”

[12] Die regter was nog nie klaar gepraat nie, of mens hoor al `n luide geskreeu in die verte uit die dal kom, en **die tolgaarder** begin van vreugde sy hande te vrywe en sê baie lakonies: “Aha, aha, hulle het mekaar reeds ontmoet; oor `n kwartier sal hulle al hier wees. En nou maar gou al die pikpotte aansteek, sodat dit in die dal ewe lig word as oordag en geeneen van die spitsboewe kan ontsnap nie!”

[13] Nou word daar gou ongeveer veertig groot pikpotte aangesteek sodat die hele omgewing oral helder verlig is, en die aanstekers is nog maar net klaar met hulle werk toe die eerste groep al aankom, bestaande uit twaalf fariseërs wat afgevaardig was om die geroofde goed na Jerusalem te bring en daar te verkoop.

[14] Die forse **begeleiers** sit die twaalf vasgebinde fariseërs voor die tolboom neer en sê aan Kisjonah: “Meester, hier is dan die hoofverdagtes, vyf uit Kaper-naum, drie uit Násaret en vier uit Gorasin! Louter slegte kêrels wat hulle geld werd is! Agter hulle kom nog iets van alles, `n klomp osse, koeie, kalwers, bokke, skape, ongeveer vierhonderd met graan belaaide esels met hulle vullens, eweveel muildiere belaai met wynsakke en nog ongeveer vyfhonderd esels en perde met geboeide pragtige meisies en seuns tussen twaalf en agtien jaar oud, wat almal vir die groot mark in Sidon bestem was. Tewens natuurlik `n hele boel dienaars van die twaalf hoofverdagtes! Hulle kom almal dadelik hiernatoe; maak daarom plek, sodat ons alles wat hier hoort, bymekaar kan bring!”

[15] **Kisjonah** sê: “Maak by die meer maar dadelik die groot skuur vir onderpande oop; daar kan alles onderdak gebring word en gebruik vir die kinders die groot herberg hier bo-op die berg, en sorg dadelik daarvoor dat hulle iets te ete en te drinke kry; want die twaalf onmense sal hulle onderweg definitief amper niks te ete gegee het nie. O Elohim, o Elohim, waarom laat u tog op aarde sulke duiwels mag hê oor die arme, vreedsame mens-dom?!”